

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

**RELIGIESTUDIES V2
NASIENRIGLYN**

PUNT: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

VRAAG 1

1.1 Oorsake van tienerswangerskap

- Gebrek aan ouerlike toesig
- Seksuele mishandeling deur familieledes
- Onduidelike onderrig oor menstruasie en swangerskap
- Verseker finansiële ondersteuning
- Negatiewe houding van gesondheidswerkers
- Onbeskermd seks
- Vroeë seksuele debuut (53% van seuns en dogters begin op 16-jarige ouderdom)
- 'n Groot ouderdomsverskil tussen meisies en hul metgeselle
- Gedwonge seks deur metgeselle
- Verkragting deur vriende of vreemdelinge
- Hiërargiese sosiale mag tussen seuns en dogters
- Onvoldoende kennis en inligtingsvlakke oor konsepsie / swangerskap en voorbehoedmiddels
- Begeerte na materiële dinge soos selfoon, pruike, lugtyd, klere, ens.
(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

1.2 Religieuse onderrig oor tienerswangerskap

Voorbeeld 1: ATR

- Ubuntu-filosofie ontmoedig seksuele mishandeling, veral van tieners.
- Seks voor die huwelik word nie toegelaat nie.
- Daar word tradisionele dissiplinêre verhore oor tienerswangerskap gehou.
- Tienerswangerskap is strafbaar deur met 'n aantal diere (beeste te betaal).
- Die beginsel van 'my kind is jou kind en jou kind is my kind', impliseer dat die hele dorp na al die kinders moet omsien.
- Daar word van kinders verwag om grootmense te respekteer; nie net hul biologiese ouers nie.
- Daar word van ouers verwag om goed vir hul kinders te sorg.
- Rituele soos 'Itonjane' leer en berei tienermeisies voor oor vrugbaarheid en vroulikheid in die algemeen.
- Inisiasieskole vir seuns leer seuns verantwoordelikheid van manlikheid.
- Elke gesin het 'n hoogs gerespekteerde ouderling (intlabi) wat toesig hou oor gesinsangeleenthede.
- Grootouers help die ouers om na hul kinders om te sien.
- Die ouderlinge in die gesin is die bewaarders van gemeenskapswaardes en gebruike.
- ATR is 'n stam-gebaseerde religie, waar daar geen weeskinders of onwettige kinders mag wees nie.

Voorbeeld 2: Christendom

- Die tien gebooe is die basis van die Christelike lewenstyl.
- Ouers is verplig om hul kinders oor goddelike lewenswyses op te voed.
- Kinders het 'n verantwoordelikheid om hul ouers te eer
- Ouers het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van groei en ontwikkeling van hul kinders.
- Die Bybel beveel ouers om nie hul kinders uit te lok nie.
- Die grootste gebod is 'wees lief vir jou naaste soos jy jouself lief het.'
- Hierdie gebod beklemtoon die belangrikheid van die bou van 'n gemeenskap wat omgee.
- Voorhuwelikse seks is verbode.
- Seksuele mishandeling is verbode.
- Die menslike liggaam is die tempel van die Heilige Gees.
- Waardes van liefde, sorg, empatie, respek, vertroue word onderhou.
- Christendom bevorder beter liggaamlike gesondheid.
- Self-dissipline en selfbeheersing word aangemoedig.
- Lus is verbode.
- Kyk na pornografie is verbode.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word) (16)

1.3 Dink jy religieuse organisasie kan hierdie sosiale probleem verminder? Motiveer jou antwoord.

JA

- Werkswinkels word deur religieuse organisasies gehou om tienerswangerskappe aan te spreek.
- Love Life is 'n NWO wat deur religieuse organisasies ondersteun word om bewusmakingsveldtogte oor tienerswangerskappe te skep bevorder.
- Tienerswangerskappe is deel van die jeugprogramme wat deur meeste van die religieuse organisasies gebruik word.
- Mense met gespesialiseerde vaardighede soos onderwysers, verpleegsters en dokters word gebruik om die jeug toe te spreek.
- Maatskaplike werkers doen vrywillige werk in hul verskeie religieuse organisasies.
- Sommige lede van die verskillende religieuse organisasies wys wel tekens van karakterverbetering.
- Die aantal tieners wat nie met tienerswangerskappe saamstem nie, neem toe.

NEE

- Die impak is nie in die samelewing sigbaar nie.
- Die getal tienerswangerskappe in skole is steeds relatief hoog.
- Tieners gaan voort met onverskillige seks.
- Die 'Sugar-Daddy' konsep is steeds gewild in gemeenskappe.
- Sekuleer-oordraagbare infeksies word steeds in plaaslike klinieke aangemeld.
- Daar is geen ooreenstemming tussen religieuse organisasies met betrekking tot die gebruik van kondome en voorbehoedmiddels nie.
- Daar is steeds onenigheid tussen die regering en religieuse organisasies oor Seksopvoeding in laerskole.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (12)

1.4 Hermeneutiese beginsels

- **Grammatika en historiese konteks:** Dit beteken dat grammatikareëls en historiese feite gebruik moet word om die letterlike betekenis van heilige tekste/geskrifte te vertolk/ interpreteer.
- **Plan, doel en konteks:** 'n Skriftelike stuk werk moet as 'n geheel bestudeer word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was die skrywer se doel met die skryf van die teks? Wat is die konteks van die gedeelte wat bestudeer word?
- **Betekenis van die woorde:** Woordbetekenis verander met tyd en in verskillende plekke. Vind die oorspronklike betekenis van die woorde uit, soos dit in die normatiewe bron gebruik is.
- **Figuurlike betekenis:** Figuurlike en nie-letterlike betekenis moet in ag geneem word.
- **Ander heilige tekste:** Heilige tekste kan gebruik word om ander heilige tekste te vertolk/interpreteer.

(12)
[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die aard van menslikheid, met verwysing na die gemeenskap en individu

- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- Nadat Adam en Eva geskape is, het God hulle opdrag gegee om na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- As medeskeppers saam met God, is die mens God se verteenwoordigers op aarde.
- God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld, om te sien.
- Christene glo dat die mens geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het egter God se opdragte verontagsaam.
- Die straf vir hulle sonde was die dood van die mensdom.
- Selfs na veroordeling, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.
- Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat gekenmerk sal wees deur liefde.

(10)

2.1.2 Die aard van die lewe na die dood

- Christene glo dat die mens geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het egter God se opdrag verontagsaam.
- Die straf vir hulle sonde was die dood van die mensdom.
- Selfs na hierdie veroordeling, het God steeds probeer om die mensdom van die bosse en die dood te bevry.
- Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat gekenmerk word deur liefde, mededeelsaamheid en omgee.

(10)

2.1.3 Die aard van godheid

- God is die Skepper van die heelal.
- God is almagtig wat beteken dat Hy kragtig is.
- God is gees.
- God is omgee en liefde.
- God word verstaan as die Heilige Drie-Eenheid wat na God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees verwys.
(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

2.2 2.2.1 Mondelinge tradisie

- In alle religieë is mondelinge tradisie 'n doeltreffende manier om die oorspronklike boodskap van een generasie na die volgende mondelings oor te dra.
- Party religieë lê meer klem op mondelinge tradisie as op hul Heilige tekste.
- Mondelinge tradisies speel steeds 'n belangrike rol in sommige religieë, bv. Die Afrika Tradisionele Religieë.
- Mondelinge tradisie verskaf meer duidelikheid as geskrewe tekste as gevolg van die verhalende styl.
- Die ketting van vertellers is ook belangrik, want dit lei tot die oorspronklike bron.
- Mondelinge tradisie gee plaaslike dialek en kultuur weer. Dit word dus makliker verstaan in elke kultuur.
- Rituele in baie religieë sluit mondelinge tradisies in, bv. Doop in die Christendom. (10)

2.2.2 Inspiration

- Inspirasie is 'n belangrike normatiewe bron in baie religieë.
 - Dit is die ware oorsprong van alle religieë.
 - Inspirasie verwys na die krag of mag van 'n buitengewone wese wat 'n uitgesoekte wese 'oorneem'.
 - Die stigters van baie religieë is deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer.
 - Sulke mense het gevoel dat hulle 'openbaring' van 'n buitengewone wese ontvang het.
 - Voorbeelde is Moses, Jesus Christus, Abraham, profeet Mohammad, Boedha en Baha'u'llah.
 - In die Afrika Tradisionele Religie ontvang die tussenganger of die waarsêer inspirasie terwyl hy/sy in 'n beswying is.
 - Hierdie inspirasie is deurlopend, terwyl dit by die Abrahamitiese gelowe nie verder as hul stigters gaan nie.
 - Inspirasie is 'n kragtige motivering vir die volgelinge van 'n religie. (10)
- [50]

VRAAG 3**3.1 3.1.1 Oerknalteorie**

- Die wetenskaplike verduideliking van die Skepping word die Oerknalteorie genoem.
- Volgens die Oerknalteorie is dit nie bekend wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die Oerknalteorie stel dat daar 'n enorme ontploffing in die ruimte was en binne 'n sekonde het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
- Die Oerknalteorie stel dat die skeppingsproses 'n sekonde geneem het.
- Volgens die wetenskaplike verduideliking het die Oerknal 13,7 miljard jaar gelede plaasgevind.
- Klein temperatuur-verskille het tot verskillende digthede van materie dwarsdeur die heelal gelei.
- Daardie digthede het bondels van materie en energie gevorm.
- Die bondels het voortgegaan om op 'n klonterige wyse saam te pak en 'n eidelose versameling sterre, die sterrestelsel, gevorm.
- Sommige sterrestelsels het in 'n kombinasie van sterre en planete gekondenseer.
- Wetenskaplikes glo dat die heelal op hierdie oomblik nog steeds uitgebrei.
- Die wetenskaplike verduideliking maak geen melding van 'n skepper nie.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (14)

3.1.2 Abrahamitiese religieë/Midde Oosterse religieë

- Die Skepper is manlik.
- Eers het slegs die Skepper bestaan.
- Die Skepper het die heelal van niks gemaak.
- Die proses van die skepping het ses dae geneem.
- Die mens is op die sesde dag geskape.
- Daar is een perfekte God.
- Hy het die hemel en aarde en alles wat daarin is geskape.
- Die eerste twee mense was Adam en Eva. God het hulle van klei gemaak.
- God het sy gees in Adam geblaas en hy het tot lewe gekom.
- Hierdie mense het in die perfekte tuin van Eden gewoon.

(12)

3.2 Die houding van religie teenoor evolusie sedert die 19^{de} eeu.

- In die 19^{de} eeu toe Darwin se *Origin of Species* gepubliseer is, was die reaksie van die kerk totale verwerping.
- Dit is as godslastering beskou.
- Vandag is daar meer liberale standpunte in die Christendom, asook in Judaïsme en Islam.
- Liberale gelowiges glo dat daar raakpunte tussen godsdiens en wetenskap is.
- Hulle herinterpreteer 'n gedeelte van hul eie tradisie sodat dit evolusie akkommodeer.
- Hulle sê dat leringe oor die natuur in die heilige boeke op 'n diep vlak allegories of figuurlik verstaan moet word.
- Byvoorbeeld, sommige Christelike teoloë het gesê dat die skeppingsverhaal in Genesis nie in die fisiese sin geïnterpreteer moet word nie.
- Liberale gelowiges sê daar is geen konflik tussen wetenskap en godsdiens nie, solank mens die wetenskap as die onthulling van God se wette beskou.
- Hulle verduidelik die skepping ook deur die terme 'skepping-wetenskap' of 'intelligente ontwerp'.
- Hierdie begrippe inkorporeer evolusie in die skeppingsplanne van die Opperwese.
- Dit beteken organismes is deur God ontwerp om by veranderende omgewings te kan aanpas, wat dus tot nuwe spesies lei.
- Die houding van liberale gelowiges in die Abrahamitiese godsdienste het sekerlik meer verdraagsaam teenoor die evolusieleer geword.
- Alles in die geskrif is terselfdertyd tydloos, ewig en in 'n letterlike sin waar .
- Kreasionisme soos dit in die boek Genesis beskryf word, word op 'n letterlike manier as die waarheid beskou.
- God het Adam en Eva geskep, wat die eerste mense was.
- Adam en Eva was perfek na die beeld van God geskape.
- Hulle het nie van 'n ander lewensvorm geëvolueer nie, maar is as 'n unieke spesie geskep.
- Hulle is bo God se hele skepping verhewe.
- Ortodokse gelowiges verwys na die beroemde 'horlosie-analogie' van William Paley.
- Paley het beweer dat die horlosie 'n ingewikkelde stuk ingenieurswese is wat nie per ongeluk kon ontstaan het nie. Dit moes dus 'n intelligente ontwerper hê. Omdat die heelal baie meer kompleks is, moes dit ook 'n intelligente ontwerper (God) gehad het.
- Ortodokse gelowiges beweer dat God nie sy planne verander nie. Hy is steeds in beheer van die skepping.
- Die houding van ortodokse/fundamentalistiese gelowiges het dus glad nie verander nie. Godsdiens handel oor God en wetenskap handel oor die natuur.
- Ander godsdienste soos Hindoeïsme en Boeddhisme, het egter nog altyd die evolusieleer aanvaar.
- Hindoeïsme het geen probleem met evolusie nie: hulle het 'n meer gevorderde teorie van evolusie wat geestelike evolusie insluit.

- Die evolusieteorie leer is nie in konflik met Hindoe-denke en oortuigings nie, omdat dit tot die begrip van evolusie na Moksha bygedra het.
- In hierdie godsdienste (Hindoeïsme en Boeddhisme) is daar geen verandering in houding nie.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens is daar geen teenkanting teen evolusie nie, omdat die heelal as onderling verbonde dele beskou word.
- Die status van die mens word egter duidelik as verhewe bo die res van die skepping beskou.

(24)

[50]

VRAAG 4**4.1 Vir die doel van hierdie nasienriglyn word Soedan as voorbeeld bespreek.**

4.1.1 Soedan, Soedannese-stamme, (Arabies-sprekende stamme, Fur en Masalit) (4)

4.1.2 Oorsake

- Noord-Soedan bestaan hoofsaaklik uit Arabies-sprekende stamme.
 - 'n Aantal stamme, waarvan sommige animiste was, terwyl ander Christene was, het in die Dafoer-streek in die suide gewoon het.
 - Die konflik in Soedan het meer as honderd jaar geduur.
 - Daar is ook ekonomiese faktore wat 'n rol speel: die ekonomie van die noorde is beter ontwikkel as die Suide.
 - Die Fur en Masalit-stamme was boere, terwyl die Arabiere meestal nomade was. Dit het tot die konflik van weiding gelei.
 - Die ontdekking van olie in die suide (Heglig-velde) het tot funksionele konflik gelei, asook 'n groter Khartoem om politieke beheer oor die Suide uit te oefen.
 - Toe Khartoem die Sharia-wet op die hele land opgelê het, het dit tot 'n gewapende opstand teen die regering gelei.
 - Die Soedan-bevolkingsleër (SPLA) is gevorm en het die aanvalle teen die regering gelei.
 - Die SPLA het egter vinnig verdeeld geraak en die faksies het teen mekaar gedraai.
 - Hierdie verdeelheid was hoofsaaklik op grond van stamverband.
 - Selfs nadat die Suide in 2011 as 'n onafhanklike staat verklaar is, het gevegte nog steeds voortgegaan.
- (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (12)

4.1.3 Rol van religie

- Religie speel slegs 'n klein rol in die konflik en daarom is dit dus nie 'n religieuse oorlog nie.
 - Geen poging is deur een godsdienst gemaak om mense van 'n ander religie te bekeer nie.
 - Moslems het ook by die bevolkingsleër (SPLA) aangesluit.
 - Daar was ook bewyse van interne gevegte in die SPLA nadat dit gevorm is.
 - Die konflik was nie religieus nie.
 - Daar is talle ander verdelings (ekonomies en stamverwant) wat selfs na die stigting van Suid-Soedan voorgesit is.
- (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (14)

4.2 Tipes rituele in religieë

- 'n Ritueel is 'n stel formele optrede of gedrag met 'n seremoniële doel wat met gereelde tussenposes binne 'n spesifieke omgewing uitgevoer word.
 - **Aanbiddingsritueel:** Hierdie is rituele wat op 'n gereelde basis uitgevoer word om gevoelens uit te druk, byvoorbeeld daaglikse of weeklikse aanbidding.
 - **Lewensiklusritueel:** Hierdie is rituele wat verband hou met die verskillende stadiums van 'n individu se lewe bv. inisiasie, huwelik, siektes of dood.
 - **Jaarlikse siklusritueel:** Dit is 'n ritueel wat op 'n bepaalde tyd van die jaar plaasvind, bv. Kersfees.
 - **Gedenk ritueel:** Rites van feesviering en herdenkings.
 - **Offerings ritueel:** Baie religieë sluit offers as deel van hulle rituele in. (Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

4.3 Rolle van rituele

4.3.1 Sielkundige rolle

- Rituele bevredig 'n deel van die mens wat nie logies verklaar kan word nie.
- Sommige sit blomme op 'n graf.
- Dit word nie gedoen vir mense wat gesterf het nie, of vir ander mense om te sien nie, maar voldoen aan 'n dieper persoonlike behoefte.
- Die behoefte aan rituele in ons lewens blyk sy oorsprong in die regterkant van die brein te hê. (6)

4.3.2 Geestelike rolle

- Sulke rituele word uitgevoer om die gaping tussen mense en die goddelike te versterk.
 - Wanneer 'n priester in die Rooms Katolieke kerk die "Mis" uitvoer word die liggaam en bloed van Jesus as die water en die wyn gesien. (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (4)
- [50]**

VRAAG 5**5.1 Wêreldbeskouings****VOORBEELD 1: Sekularisme**

- Sekularisme het die weg vir die ontwikkeling van menseregte gebaan.
- Alle religieë word gelyke status voor die wet gegee as gevolg van die idee van sekularisme.
- Dit laat verskillende religieë toe om in harmonie saam te leef.
- Verskillende religieë, insluitende minderhede, neem deel aan die formele aktiwiteite van die staat.
- Alle godsdienste word gelyke status gegee en is vry om hulle heilige dae te vier.
- Sekularisme het godsdiensoorloë en algemene godsdienstige konflik in die wêreld laat afneem.

VOORBEELD 2: Materialisme

- Hierdie sekulêre wêreldsiening leer dat materie die enigste werklikheid is en ontken die bestaan van 'n gees van bonatuurlike ryk.
- Dit het in verskillende dele van Europa en Indië gedurende wat bekend was as die Aksiale era (800–200 BCE), ontwikkel.
- Uitdrukkings van hierdie filosofie kan in oer-Indiese filosofie, Boeddhisme en Confucianisme gevind word.
- Karl Marx het die term 'dialektiese materialisme' gebruik wat 'n lering is dat materie die fundamentele bestaan van alles is.
- Hy het ook die term 'historiese materialisme' gebruik wat 'n lering is dat ekonomie en verhoudings tussen werkers en eienaars fundamentele strukture in die samelewing is.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10 x 2) (20)

5.2 Interne differensiasie in enige EEN religie

Vir die doel van hierdie nasienriglyn word Islam as 'n voorbeeld bespreek

5.2.1 Leringe in Islam

- Islam is verdeel in twee groepe, Soenni en die Sjia-Islam.

Soenni Islam

- Soenni verwys na die Sunnah (voorbeeld) van profeet Mohammed.
- Die Hadith wat deur die metgeselle van die profeet vertel word, het gelyke waarde as dié wat deur sy familieledede vertel is.
- Die sekte glo dat alle leerstellings wat in die Boeke van Hadith vervat word, ewe belangrik is.
- Soenni's volg die leringe van die geleerdes van die 7^{de} en 8^{ste} eeu.
- Soenni's aanvaar nie dat die kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie kom nie.

Sjia-Islam

- Sjia beteken partydig of afsonderlike party.
- Die Hadith wat deur die metgeselle van die Profeet vertel word, het minder betekenis as dié wat deur sy familielede vertel word.
- Die Sjia volg slegs die leerstellings en menings van 'n lewende geleerde. (10)

5.2.2 Verskil in bestuur

Soenni

- Daar is geen geestelike leiers in Sunni-Islam nie.
- Enige Moslem kan op gemeenskapsrade dien.
- Bestuur is gemeenskapsgebaseerd.
- Islamitiese geleerdes en gemeenskapslede dien op beheerrade van moskees, madressas en skole.

Sjia

- Sjia-Moslems eerbiedig die afstammeling van Profeet Mohammed en dat hulle die reg het om Moslems te lei.
- Hulle gebruik die titel 'Imam' vir sekere leiers wat hulle glo deur God verkies is.
- Die finale oordeel oor enige onsekerheid oor enige godsdienstige of politieke kwessie lê by die verteenwoordigdes van die Imam.
- Beheer is in die hande van die mollahs (priesters) wat deur godsdienstige edik/dekreet regeer. (10)

5.2.3 Praktjke: Soenni

- Religieuse praktjke is streng in ooreenstemming met die Profeet se Sunnah soos in die Hadith neergelê.
- Volgens die Soenni-Moslems is die Imam bloot 'n leier van 'n gemeente.
- Mutta (tydelike huwelike) is verbode.
- Imam doen nie formele opleiding in Soenni-Islam nie.

Praktjke: Sjia

- Hulle glo dat die kalifaat (Profeet Mohammed se opvolger) uit sy afstammeling moet kom.
- Imam is net afstammeling van die Profeet Mohammed wat hulle glo goddelik aangestel is.
- Die altaar van Hussein in Karbala is 'n belangrike pelgrimstog vir die Sjia.
- Mutta (tydelike huwelike) is toelaatbaar.
- Hulle beoefen selfverminking, byvoorbeeld by die herdenking van die tragedie van Karbala. (10)

[50]

TOTAAL: 150